

# KINDERKERK LES: Verstaan jou Bybel - Afdelings van die Nuwe Testament - Die Evangelies

## Doel van les:

- Om die basiese samestelling van die Bybel beter te verstaan sodat ons dit gemakliker te kan lees en gebruik.

**Ysbreker: Boek ordes:** Vandag gaan ons verder leer aan die Bybelboek name. Ek gaan die naam sê en 'n beweging saam doen en dan gaan julle dit agter my aan doen. Is julle reg? (Die want gedeelte tussen die hakies is vir onderwyser se inligting en jy kan kies of jy dit nou al met kinders wil deel)

- **Genesis** - Albei hande bokant jou kop in 'n boog (Want in die begin het God die hemel en die aarde gemaak;
- **Eksodus** - Wys met wysvinger (God se Volk verlaat Egipte)
- **Levitikus** - Handpalms saam soos in gebed (Levitikus beskryf die maniere waarop sondige mense God kan aanbid en hoe ons heilig kan lewe.)
- **Numeri** - Hou drie vingers op (Die volk is getel)
- **Deuteronomium** - Wysvinger wat wys na kant van kop - jou tempel - (Herhaling van die wette om die belangrikheid van gehoorsaamheid te onderstreep en hoe God vir Israel sorg.)
- **Josua** - Maak asof jy 'n pyl met 'n boog skiet. (Josua lei die Israëliete die beloofde land binne en hulle neem die land in.)
- **Rigters** - Linkerhand se palm wys na die dak, regterhand in in vuur naer op die linkerhand se palm soos 'n regter se hamer. (Israel word regeer deur rigters in die tyd voor die konings.)
- **Rut** - Hou hande bymekaar asof dit vasgeboei is en breek dit dan los asof kettings gebreek word. (Die boek Rut is liefdesverhaal van toewyding en verlossing.)
- **1 Samuel** - Hou een vinger op en maak dan hartjie met jou hande soos jy Samuel sê. (Saul: geen hart. 1 Samuel bevat die verhaal van mense wat hulle reis saam met God goed begin, maar wat tragies eindig as gevolg van sonde - Eli + Saul.)
- **2 Samuel** - Hou twee vingers op en maak dan weer 'n hartjie met jou hande soos jy Samuel sê. (*Hele hart = Dawid.* 2 Samuel beskryf die lewensverhaal van Dawid en sy koningskap oor Juda en die hele Israel. Die goeie en die slegte.)
- **1 Konings** - Hou een vinger op en maak dan kroontjie bokant jou kop met altwee hande. (Geskiedenis van die Konings van Israel en Juda.)
- **2 Konings** - Hou twee vingers op en maak dan 'n kroontjie bokant jou kop met altwee hande. (Geskiedenis van die Konings van Israel en Juda.)
- **1 Kronieke** - Hou een vinger op en maak dan asof jy 'n koerant oopvou om te lees. ('n versameling van die historiese gebeure van Israel onder Dawid se koningskap.)

- **2 Kronieke** - Hou twee vingers op en maak dan asof jy 'n koerant oopvou om te lees. (Geskiedenis van die konings van Juda.)
- **Esra** - Draai om en waai asof jy totsiens waai (Beskryf die terugkeer van die Jode vanaf ballingskap na Jerusalem en die herbouing van die Tempel.)
- **Nehemia** - Stapel een hand op die ander een asof jy bakstene op mekaar lê om 'n muur te bou. (Onder leiding van Nehemia word Jerusalem se mure in 'n rekord tyd herbou.)

Ons begin vandag gesels oor die boeke in die Nuwe Testament. Wie kan onthou hoeveel boeke daar in die Bybel is? 66. Hoeveel is in die Ou Testament? 39. Hoeveel is in die Nuwe Testament? 27.

Die Ou Testament gaan oor die tye voor Jesus gebore is en die Nuwe Testament begin met Jesus se geboorte. Kom ons kyk nou bietjie waaroor die eerste vier boeke van die Nuwe Testament gaan. Ons noem hulle die Evangelies.

Wat beteken die woord Evangelie? Dit beteken "goeie nuus". Die Bybelboeke Matteus, Markus, Lukas en Johannes vertel ons van Jesus - die goeie nuus dat Hy aarde toe gekom het om ons te leer van God en om te sterf vir ons sondes.

**Aktiwiteit 1: Dot to dot:** Gee vir elke kind die dot tot dot prentjie om te voltooi. Wie kan vir my sê hoe het Jesus aarde toe gekom?

Ja, Jesus het as 'n babatjie aarde toe gekom. Ons lees dat Maria en Josef Sy mamma en pappa hier op aarde was.

**Aktiwiteit 2: Vissers van mense:** Deel die kinders in twee gelyke groep. Gee vir elke kind 'n strooitjie. Plaas van die uitgeknipte vissies op twee tafels sodat elke kind een sal hê, en 'n groot bak vir die vissies om in gegooi te word. Die eerste kinders van elke groep, hardloop na hulle tafel, suig met die strooitjie die vissie vas en laat dit in die bak val. Sodra hulle dit gedoen het, kan hulle terughardloop na hulle groep en die volgende kind kan kom. Kyk watter groep eerste klaar is.

Sodra almal gaan sit het, sê: Jesus het 12 vriende gekies wat oral saam met Hom gegaan het. Hulle word Sy 12 dissipels genoem. Van hulle was vissermanne, maar Jesus het hulle geleer om vissers van mense te wees. Dit beteken dat Jesus hulle geleer het hoe om ander mense van Hom te vertel.

**Aktiwiteit 3: Voltooi die storie:** Gee vir elke groep 'n 'maak die storie klaar' uitdeelstuk. Gee hulle 'n tydjie om 'n einde vir die storie te skryf. Wanneer hulle klaar is, gaan elke groep 'n beurt kry om hulle einde vir die grootgroep te vertel.

Wil julle die einde hoor wat ek het? Die enigste manier wat die boer regtig met die voëls kon praat sodat hulle hom verstaan sou wees dat hy self ook 'n voël word. As hy ook 'n voël word, sou

die voëls nie meer bang vir hom wees nie, omdat hy soos hulle lyk en praat en hulle kan verstaan dat hy vir hulle sê om in die skuur in te gaan. So sou hy hulle kon beskerm en hulle in die skuur kry waar hulle veilig sou wees.

Jesus is die Seun van God en self ook God, maar Hy het as mens aarde toe gekom om ons te lei na veiligheid, soos die boer met die voëls. Hy het mense alles geleer wat hulle nodig het om hemel toe te gaan terwyl Hy op aarde was, deur stories wat ons gelykenisse noem. Die mense het graag gesit en luister na hierdie gelykenisse wat Jesus vertel het.

**Aktiwiteit 4: Wonderwerke: Water in wyn illustrasie:** Sit 'n deurskynende beker met water, 'n deurskynende glas en 'n beker waardeur jy nie kan sien nie op 'n tafel neer. In die beker waardeur jy nie kan sien nie gooi jy die rooi Drink-o-pop poeier. Dit doen jy voor die tyd, want die kinders moenie weet wat daarin is nie.

**Sê:** Jesus het ook baie wonderwerke gedoen terwyl Hy hier op aarde was. Hy het mense gesond gemaak, mense uit die dood laat opstaan, op water geloop en ook vir 5 000 mense kos gegee met net 5 broodjies en 2 vissies. (Terwyl jy so praat, kan jy die water in die beker gooi wat die Drink-o-pop in het). Jesus se heel eerste wonderwerk was dat Hy water in wyn verander het. (Gooi nou die Drink-o-pop wat gemeng is met die water in die deursigtige glas). Onthou dat 'n wonderwerk iets is wat net deur God gedoen kan word. So het Jesus vir die mense gewys dat Hy regtig die Seun van God is.

**Aktiwiteit 5: In die graf/uit die graf:** Al die kinders staan in 'n ry. Die een kant van die vertrek noem jy die 'in die graf' kant en die teenoorgestelde kant is die 'uit die graf' kant. Die kinders begin die speletjie in die middel van die vertrek. Jy roep nou bv. in die graf en dan moet hulle spring na die kant wat 'in die graf' is of uit die graf en dan moet hulle spring na die kant wat jy 'uit die graf' genoem het. Die kinders spring na die kant toe wat jy uitroep. Probeer die kante vinnig uitroep om die kinders uit te vang.

Jesus het wonderlike dinge hier op aarde gedoen, maar eintlik het Hy gekom om aan die kruis vir ons sondes te sterf. Hy is toe ook gekruisig en in 'n graf begrawe. Weet julle dat ons van dit lees in die Profete boeke? Ja, God het baie, baie lank voor Jesus gebore is vir die profete van Jesus vertel.

Jesus het na drie dae uit die graf opgestaan. Daardie graf is leeg. Hy het na 40 dae opgevaar hemel toe waar Hy besig is om vir al Sy kinders plek reg te maak. Voor Hy hemel toe is het Hy vir Sy vriende gesê om vir ander te gaan vertel dat die graf leeg is, dat Hy leef en dat hulle in Hom moet glo, maar daarvoor sal ons volgende week meer gesels.

Indien daar tyd oor is, oefen weer Bybelboek bewegings.

Sluit af met gebed in groepe.

# Connect the Dots





1. Daar was 'n boer wat 'n swerm voëls in die winter gesien het.




2. Dit was baie koud en die voëls het 'n warm plek gesoek. Daar was 'n storm oppad en hulle kon doodvries.



3. Die boer het geweet sy skuur is warm en sal 'n veilige plek vir die voëls wees.



4. Hy het die skuur se deure oopgemaak, maar die voëls was te bang om in te vlieg.



7. Die boer het \_\_\_\_\_

6. Die boer moes 'n manier kry om vir die voëls te vertel of te wys wat hulle moet doen om gered te word. Hy het uiteindelik geweet wat hy moet doen.

